



Hoe om in verskillende noodsituasies op te tree

Bladsy 1 van 2

Graad R tot 12

Maak spanlede bewus van noodsituasie en hoe om op te tree.

Onderwerpe: Optrede in noodsituasies, paraatheid



Stappe

1. Die eerste en belangrikste om te onthou, is om kalm te bly tydens 'n noodsituasie, sodat jy helder kan dink en kan optree. Vrees is verlamrend en as jy kop verloor, kan die situasie vererger.
2. **Verdwaal in die veld of woud:** Moet nooit alleen gaan stap nie, en maak altyd seker dat iemand wat agter bly, weet waarheen jy stap en wanneer om jou terug te verwag! Dit is maklik om te verdwaal as jy in 'n diep gesprek met vriende betrokke raak. Waak daarteen en kyk gereeld rond vir bakens van die landskap soos pieke en waar die son is. Die son bly 'n goeie rigtingaanwyser. Hou skaduwees dop, sodat jy weet wanneer jy van rigting verander. As jy agterkom dat jy verdwaal (onseker is van jou posisie), staan stil. Bly kalm en beraam 'n plan. Dit help nie om doelloos rond te dwaal nie, want dit vergroot net die area wat die soekgeselskap moet dek.
3. **Weerlig en windstorms:** Bly weg onder hoë bome en kragdrade wanneer jy buite is tydens weerlig en storms. Tydens sterk wind: Vorm 'n menslike ketting (almal hou stewig aan mekaar se arms vas) en beweeg na 'n veilige plek waar julle kan skuiling neem tot die wind verby is.
4. **Kapings, inbrake en gewapende roof:** Onthou dat die aanvaller senuweeagtig is en dat skielike bewegings moontlike refleksbewegings van sy kant kan veroorsaak. Moet dus nie skielike bewegings maak nie, en hou jou hande waar hy hulle kan sien. Dui aan dat jy bereid is om met jou aanvaller saam te werk en hom nie teen te gaan nie – veral as hy 'n wapen het. As jy 'n beweging moet maak, sê vooraf wat jy gaan doen en waarom, byvoorbeeld dat jy jou sitplekgordel gaan losmaak. Doen dit dan met die hand wat hy kan sien, nie die hand waarmee jy dit normaalweg sou doen nie. Gee vir hom die goed waarvoor hy vra. Jou lewe is belangriker as besittings. Moenie probeer weghardloop nie. Let op na die klere wat die rowers aan het, en die aksent waarmee hulle praat. Probeer alles onthou sodat jy dit later vir die polisie kan weergee. Sodra die rowers weg is, bel die polisie of enige ander persoon. As jy nie in die vertrek is waar die roof plaasvind nie, moet jy daar uit bly, en so onopmerklik moontlik hulp probeer kry. As jy kan, kruip weg, en probeer om 'n selfoonoproep te maak om hulp te ontbied.



Lewenskuns



Die
Voortrekkers

voortrekkers.co.za



Stappe

5. **Bomaanval:** Wees oplettend vir verdagte pakkies of items wat verlate rondstaan. Moet onder geen omstandighede self ondersoek instel nie. Beweeg van die verdagte item weg en moedig ander aan om dit ook te doen. Skakel die noodnommer (stoor dit op jou selfoon) sodat die polisie dit kan hanteer. Neem 'n foto van die item as jy kan, al is dit onduidelik, dit mag moontlik die ondersoekbeamptes help. Wanneer 'n bom afgaan, skakel dadelik die noodnommers om die polisie en nooddienste te ontbied. As jy enige noodhulp kan verleen, doen wat jy kan, maar bly uit die pad van gekwalifiseerde mense. As jy niemand kan help nie, verlaat die toneel sonder om te hardloop, dit kan paniek veroorsaak. Wees oplettend en probeer alles onthou wat jy gesien het voor en na die ontploffing sodat jy dit vir die polisie kan weergee.
6. **Kragonderbreking:** Hanteer alle kragpunte as lewendig. Die krag kan enige tyd aankom. Skakel stooftplate en/of ketels af voordat die vertrek verlaat word, om moontlike brand te voorkom as die krag aankom wanneer niemand tuis is nie, of almal gaan slaap het.
7. **Stormloop van mense:** Kom uit die pad van 'n groep mense wat duidelik buite beheer geraak het, veral as hulle aggressief is. Probeer om ongemerk weg te beweeg. As jy vasgevang is in 'n stormloop van mense: bly op jou voete. Beweeg saam met die groep en bly weg van moontlike glas wat gebreek kan word, soos winkelvensters. As jy teen 'n lamppaal of 'n boom kan opklim, waar jy kan wag totdat die groep verby is, doen dit. As jy omgestamp word, probeer om so gou moontlik teen iets staties te kom, soos 'n muur. Rol jou lyf in 'n bolletjie met jou voorkant teen die muur. Beskerm jou nek en kop met jou hande wat jy daarvoor vou.



Wenke

1. Vra wie in die span het persoonlike ondervinding van 'n noodsituasie voor jy die aanbieding doen. Baie kinders het vandag reeds 'n noodsituasie beleef, van watter aard ook al. Gee die groep geleentheid om dit te bespreek, en kyk saam na die lesse wat daaruit geleer kan word.
2. Kry sprekers van nooddienste om met spanlede te kom praat.

